



# SKRYFKURSUS

# MODULE 2

## Inleidende sinne en paragrawe deur Annerle Barnard, bekroonde jeugfiksieskrywer.





*Sindikaat* was die silwerwenner in die Afrikaanse kategorie van die Sanlam-prys vir Jeuglektuur, 2019.

Indien jy belangstel om op Barnard se nuusbrief in te teken ten einde gratis inligtingstukke en skryfwenke te ontvang, teken aan op die volgende webblad:

https://annerlebarnard.co.za/






## BIOGRAFIE:




Annerle Barnard is op 30 April in Musina gebore. Aan die einde van haar Graad 4-jaar verhuis hulle en verruil die Bosveld se massiewe onderstebo-bome vir die rooi vlaktes van die Noordwes. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. In 1993 voltooi sy 'n BA (Hons) (Engels) aan die Noordwes-Universiteit. Daarna volg 'n Hoër Onderwys Diploma. Aanvanklik hou sy skool, maar begewe haar later in die korporatiewe sektor.

Barnard is getroud en het twee sportiewe seuns en 'n wonderlike, ewe sportiewe, stiefdogter. Barnard hou van lees, reis en die natuur. En noodgedwonge kyk sy redelik baie sport.

## INLEIDENDE SINNE EN PARAGRAWE:

Kyk na Skryfwenke 5 https://annerlebarnard.co.za/skryfwenke/ en beantwoord die vrae:

1. Wat het Ernest Hemingway oor die skryfkuns gesê?

   ______________________________________________________________________

2. Wat beteken dit vir Barnard?

   ______________________________________________________________________

3. Wat maak 'n mens as jy nie geïnspireerd is om te skryf nie?

   ______________________________________________________________________

4. Op grond waarvan het Barnard as skoolkind besluit of sy 'n boek wou lees, of nie?

   ______________________________________________________________________

5. Barnard lees voorbeelde van inleidende sinne uit 4 verskillende boeke. Watter boek se inleidende sin is vir jou die effektiefste? Hoekom?

   ______________________________________________________________________




6. Barnard haal die eerste twee sinne uit *Sindikaat* aan. Lees die eerste hoofstuk. Aan die hand van hierdie inligting in hoofstuk 1, verduidelik die betekenis van hierdie twee sinne?

   ______________________________________________________________________

7. Motiveer waarom jou inleidende sinne en paragrawe treffend moet wees?

   ______________________________________________________________________




Die inleidende sinne van stories is bietjie soos 'n 'pick-up line.' As dit nie puik is nie, het jy 'n probleem.

"Jou pa moet die koning wees, want jy lyk soos 'n  prinses."

## HOE OM JOU LESER TE VANG EN IN TE KATROL:

1. Jou inleidende sinne en paragrawe moet uitstaan. Gebruik kragtige taalgebruik.
2. Verras jou lesers.
3. Skep 'n unieke stem.
4. Kort, duidelike sinne maak impak.
5. Gebruik kragtige werkwoorde en heroorweeg byvoeglike naamwoorde en bywoorde. (Stephen King reken dat die pad hel toe met bywoorde geplavei is.) Wanneer jou werkwoorde kragtig is, hoef jy nie byvoeglike naamwoorde en bywoorde te misbruik nie.
6. Vermy herhaling.
7. Inleidende sinne kan subtiel wees (dit hoef nie te skok nie), maar moet impak maak.

## WATTER 6 FUNKSIES KAN INLEIDENDE SINNE MOONTLIK HÊ? (Met verwysing na die PowerPoint-aanbieding, Module 2.)

1. ______________________________________________________________________
2. ______________________________________________________________________
3. ______________________________________________________________________
4. ______________________________________________________________________




5. ______________________________________________________________

6. ______________________________________________________________

## REDIGEER

**Redigeer en herskryf die volgende inleidende sinne sodat dit die leser se aandag sal trek. Hou jou antwoorde en heroorweeg en redigeer dit weer aan die einde van die kursus om te kyk wat jy geleer het. (Jou antwoord hoef nie uit slegs een sin te bestaan nie.)**

1. Watter benodigdhede sal jy alles in 'n tas pak indien jy slegs vyf minute het om jou ouerhuis te verlaat?

   ______________________________________________________________

2. Die nag is koud en donker.

   ______________________________________________________________

3. My ma se doodskleed is 'n smerige kantgordyn en haar doodskis 'n antieke wapenkas.

   ______________________________________________________________

4. Bettie se oë lok, haar glimlag tart en haar torso is om van te droom, maar die res van haar lyf roep, " Sny my in filette, bedek my met meel en braai my"; romanse is moeilik as jy 'n meermin is.

   ______________________________________________________________

5. Parys is gevaarliker as wat Angelique in haar wildste drome kon dink.

   ______________________________________________________________

6. Die opgewondenheid in haar binneste bruis oorweldigend bo die vreeslike gestamp van die trok uit.

   ______________________________________________________________

7. Lucinda sit haar regterflikkerlig met bewende vingers aan en draai regs in Nelsonweg.

   ______________________________________________________________

8. In die verlore wêreld tussen slaap en bewussyn, raak ek van 'n onaardse lawaai bewus.

   ______________________________________________________________




9. Aan die manier waarop my nekhare rys, weet ek dat ek nie alleen in hierdie piknagdonker straat is nie.

   ____________________________________________________________

## ARRIVEER LAAT, WAAI VROEG!

Bogenoemde (*in media res*) is 'n reël/tegniek uit die film- en draaiboekindustrie wat jy gerus op jou skryfwerk van toepassing kan maak, veral wat betref inleidende sinne en paragrawe.

Wat beteken 'arriveer laat, waai vroeg'?

Dink eerstens aan die openingstonele van films wat jy onlangs gesien het.

Ons maak ons eie film: Christopher Columbus het in 1492 die Amerikas ontdek. Op 3 Augustus 1492, verlaat hy Palos, Spanje met sy drie skepe: die Nina, die Pinta en die Santa Maria. Historiese agtergrond: Die Spaanse Inkwisisie. Moslems en Jode moet hulself tot die Katolieke geloof bekeer, of Spanje verlaat.

1. Wat is die eerste toneel van jou film, m.a.w. hoe begin jou film? (Bespreek julle voorstelle.)

   ____________________________________________________________

2. Begin jy by bou van die skepe, die matrose se werwing en die aankoop van voorraad vir die reis? Onthou om vate met water te laai, asook ekstra klere en komberse. Miskien ekstra spykers, hout en seil ingeval jy jou skip na stormwinde moet herstel. GAAP. GAAP.
3. Kyk na die lokfilm om te sien hoe die regisseur die aanvangstoneel aangepak het: https://www.youtube.com/watch?v=GSNjwNyQeLs
4. Hoe word die historiese agtergrond in die openingstonele uitgebeeld?

   ____________________________________________________________

5. Waarom, dink jy, word die historiese agtergrond uitgebeeld?

   ____________________________________________________________

## *SINDIKAAT:*

1. Wat gebeur aan die begin van hoofstuk 1? (bl. 7)

   ____________________________________________________________




2. Is daar (chronologies gesproke) ander gebeure in die roman wat hierdie insident voorafgaan?

3. Dink jy dat hierdie ‘n voorbeeld van ‘n ‘laat aankoms’ (arriveer-laat-beginsel) is? Motiveer jou antwoord.

4. Wat is die milieu en hoe dui Barnard dit aan? Sou ‘n lang beskrywing van die milieu meer effektief gewees het?

5. Wat beplan Casper Bosman (Bossie) wat vir Paul so ontstel? (bl.7)

6. Wat leer jy uit Paul se reaksie af betreffende sy gemoed, karaktereienskappe en ervaring? (bl.7)

7. Hoe vergelyk dit met Bossie se reaksie en wat vertel dit vir jou aangaande sy gemoed, karakter en ervaring? (bl. 7, 8 & 9)

8. Indien jy nie verder as bladsy 13 lees nie, weet jy wat die uitkoms van hierdie toneel is?

9. Dink jy dat hierdie ‘n voorbeeld van ‘n vroeë einde (vroeg-waai-beginsel) is?

10. Het die leser duidelikheid rakende die uitkoms van die insident, of is daar ‘n onopgeloste vraag?

11. Lees hoofstuk 1 van *Spel*. Wat gebeur in die openingstoneel van die boek?




12. Weet jy onmiddellik wat die situasie en agtergrond is, of sal jy verder moet lees om die agtergrond te verstaan?

    ____________________________________________________________________

13. Waarmee eindig hoofstuk 1? Is jou nuuskierigheid bevredig, of is daar steeds onbeantwoorde vrae en spanning?

    ____________________________________________________________________

## OPDRAG: ARRIVEER LAAT, WAAI VROEG.

Word die 'arriveer laat, waai vroeg' beginsel in die volgende tonele/hoofstukke in *Spel* en *Sindikaat* gebruik? Merk slegs die regte blokkie:

| *Spel* | JA | NEE | *Sindikaat* | JA | NEE |
|---|---|---|---|---|---|
| Hoofstuk 2 | | | Hoofstuk 2 | | |
| Hoofstuk 3 | | | Hoofstuk 3 | | |
| Hoofstuk 4 | | | Hoofstuk 4 | | |
| Hoofstuk 5 | | | Hoofstuk 5 | | |
| Hoofstuk 6 | | | Hoofstuk 6 | | |

Die vroeg-waai-beginsel help jou ook om naelbyters (cliffhangers) te skep. Noem een hoofstuk wat jy reken in 'n naelbyter eindig.

______________________________________________________________________________